“SKOENLAPPERLEIERSKAP” VIR DIE DOMINEE

Julian Müller

In ‘n vorige artikel in hierdie rubriek, het ek geskryf oor die metafoor van die hyskraanbestuurder en dit gebruik om te reflekteer op predikante se leierskapsrol. Ek het betoog dat die soort leierskap wat deesdae populêr geword het, vergelykbaar is met die hyskraanbestuurder wat van ver af en met onbetrokke presiesheid sy taak vervul. Ek het gewys op die gevaar van ‘n dominee wat verwyder van die gemeentelike werklikheid ingestel is op effektiewe bestuur. So word die kerk en die bediening ‘n bedryf wat soos al die ander organisasies sukses najaag

In aansluiting daarby, en daarteenoor, sou ek graag gemeentelike leiers uitnooi om die “skoenlapper”-benadering tot leierskap te oorweeg. Die konsep “skoenlapper-leierskap” spruit voort uit ‘n ondersoek wat ek in Pretoria onder ‘n groep predikante gedoen het. Ek was gevra om vir die bepaalde groep dominees ‘n pastor pastorum (pastor vir die pastors) te wees. Ek het hulle besoek, maar met hulle goedkeuring, ook hulle verhale opgeteken. Die oogmerk was navorsing oor die leierskapsrol van die predikant.

Terwyl ek by een van die predikante in sy studeerkamer gesit het, het my oog op ‘n geraamde versameling van die allermooiste skoenlappers teen die muur geval. Op my navraag, het die dominee die storie van die skoenlappers vertel.

Hy was ‘n klompie jare gelede die predikant van ‘n plattelandse gemeente en het verskriklik hard gewerk. Na twee jaar was hy op die punt van uitbranding. Hy het dag en nag gewerk en sy taak in die uitgestrekte gemeente met die grootste nougesetheid gedoen. Daar was nie tyd vir ontspanning nie. Sy eie gesondheid en sy gesin se welstand was opgeoffer ter wille van al die eise wat die gemeente gestel het. Om alles te kroon, roep die kerkraad hom toe een aand op die rooi tapyt en verduidelik so taktvol moontlik dat hulle eintlik ontevrede met hom en sy werk is. By hulle het die persepsie bestaan dat hy nie hard genoeg gewerk het nie! Die boodskap was duidelik: Hy beter sy sokkies optrek!

Vanselfsprekend was die arme predikant platgeslaan en in die diepste van ellende. Vir twee dae het hy rondgedwaal en sy posisie heroorweeg. Wat maak mens as jy jouself afsloof, maar dit word nie opgemerk en waardeer nie? Toe het daar ‘n insig en oortuiging by hom gegroei, wat mens as ‘n “unieke uitkoms” sou kon beskryf. Hy het besluit om eintlik die teenoorgestelde te doen as wat die broers van die kerkraad gesuggereer het. Hy sou voortaan sy eie gesondheid en sy betrokkenheid by sy gesin, voorop stel.

Deel van die dominee se nuwe benadering tot sy bediening was om aan verlore liefdes weer ‘n plek in sy lewe te gee. Hy het weer begin skilder, iets waarvoor hy in jare nie tyd gemaak het nie. Verder het hy met ‘n wonderlike nuwe stokperdjie begin: Skoenlappers. Hy’t ‘n studie begin maak van die skoenlappers van die omgewing en ure in die veld deurgebring om van hulle te identifiseer en bymekaar te maak. Vandaar die pragtige versameling in die raam teen sy studeerkamermuur.

Die verbasende van die verhaal is dat twee jaar na die verdoemende ontmoeting met die kerkraad, hy weereens een aand genooi is om oor homself en sy werk te kom praat. Hierdie keer was hulle net positief. Hulle het hom verseker van hulle hoë waardering en dat hulle geheel-en-al tevrede met sy werk is.

Daar het iets paradoksaal gebeur. Toe die dominee minder ingestel geraak het op doelgerigte en effektiewe leierskap, het sy leierskap al meer aanvaarbaar geraak. Die wysheid wat hy ontvang het om die paradoksale te doen, het hom gehelp om meer mens te word. Die skoenlappervanger-dominee was waarskynlik baie nader aan die mense. Dit het sy menslikheid en seker ook sy natuurlike kwesbaarheid beklemtoon. Vantevore wou hy met harde werk en opofferinge beïndruk. Nou het hy daarvan bevry geraak en net ‘n mens geword met gewone behoeftes wat met al die ander gewone mense rondom hom kon identifiseer.

Dit is “skoenlapper-leierskap”. Die beeld wat by my opkom is die van ‘n vriendelike ma wat met ‘n vangnet oor die groen velde agter die allermooiste skoenlappers aan hardloop. Iemand ná aan die aarde en aan mense. Iemand wat sensitief geraak het vir die fynste skoonheid van die skepping. ‘n Mens met minder pretensies. Daarteenoor is die hyskraanbestuurder hoog en onsigbaar. Iemand wat met ‘n strakke gesig wat van ver af bestuur.

Die kerk het “skoenlapper-leierskap” nodig. Gebalanseerde leiers wat naby aan die aarde en naby aan mense beweeg. Toeganklike, onbelangrike leiers.